**Dra by tot ʼn seisoen van moed**

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/dra-by-tot-seisoen-van-moed-20180302

"Moeder Hoop het twee pragtige dogters; hulle name is Woede en Moed. Woede oor hoe sake tans daar uitsien en Moed om toe te sien dat die situasie verander." Dit is woorde van die kerkvader Augustinus wat in die vierde en vyfde eeu in Noord Afrika geleef het. Augustinus se uitspraak het besondere betekenis vir ons in Suid-Afrika. Een deel van hierdie uitspraak het ons oor die laaste paar jaar voor ons oë sien uitspeel, omdat baie mense in ons land kwaad, of eerder woedend, was of is. Dit is nie vir almal ewe maklik om die eerste dogter – Woede – as ʼn pragtige dogter van Moeder Hoop te beskryf nie. Tog, nou na al die omwentelinge oor die laaste klompie dae, kan ons terugskouend die belang van hierdie dogter, oftewel die skoonheid van Woede, waardeer. ʼn Mens sou bykans kon sê dat ons land in ʼn Seisoen van Woede verkeer het (nie dat daardie seisoen oor is nie) wat gehelp het om ʼn nuwe seisoen te laat deurbreek. Diegene wat opleiding het en toegang tot kommunikasie organe soos koerante, het die pen opgeneem in hierdie seisoen van woede. Die politieke analis en kommentator Justice Malala skryf in 2015 in *We have now begun our descent*: "I am angry. I am furious. Because I never thought it would happen to us … Not us, not the rainbow nation that defied doomsayers and suckled and nurtured a fragile democracy into life for its children." Op sy beurt weer wy Eusebius McKaiser ʼn hele hoofstuk in sy boek *Run racist run* aan woede. McKaiser skryf dat hy weier om uitdrukkings van ongeregtigheid primêr as intellektuele uitdagings te aanvaar. "They are not. They are not. They are real, material challenges and it is unhelpful, and frankly inhumane, to only examine inequality, poverty, racism, misogyny, violence and other ills dispassionately." Daarom skryf hy sonder ʼn omhaal van woorde: "I am angry. I am fucking angry. I am angry at the profound levels of injustice in our country that refuse to go away." Malala en McKaiser kon boeke en artikels skryf, maar diegene wat nie daardie middele tot hulle beskikking het nie, het Moeder Hoop se eerste pragtige dogter omhels deur middel van handelinge soos protesoptogte en stakings. Die rede(s) waaroor mense kwaad was (en is), het uiteraard gewissel, maar die feit dat mense woedend was, en dikwels met goeie rede, is ʼn gegewe. Hierdie woede en uitdrukking daarvan was en is steeds van kritiese belang in ons land. Die kans bestaan dat Suid-Afrika tans ʼn nuwe seisoen tegemoet gaan. En gedagtig aan Augustinus se uitspraak, is dit bes moontlik ʼn Seisoen van Moed. Net soos die Lente nie sonder die voorafgaande Winter kan aanbreek nie, net so was die Seisoen van Woede noodsaaklik vir die aanbreek van ʼn Seisoen van Moed. Net soos albei die Dogters van Moeder Hoop pragtig is, net so besit albei hierdie seisoene hulle eie skoonheid. Vir party mense was die Seisoen van Woede belangrik om uitdrukking te kon gee aan hulle emosie. Wat ons dikwels egter miskyk, is dat ʼn Seisoen van Woede by uitstek ook ʼn belangrike seisoen is om te luister, aangesien daar min mense in hierdie land is, wat nie ook op een of ander wyse aan die ontvang kant van woede staan nie. Dit is belangrik om te luister wie is kwaad, waaroor is hulle kwaad, en waar pas ek in ten opsigte van daardie woede (ek is kwaad, goed, maar presies waarom is ander mense op hulle beurt vir my kwaad?). Dus is beide modi – uitdrukking gee *en* luister – belangrik en noodsaaklik sodat ons uiteindelik ʼn tree verder kan gee op die lang pad na geregtigheid en versoening in Suid-Afrika. Die Seisoen van Woede was dus belangrik en bly eintlik steeds noodsaaklik, maar net so is die Seisoen van Moed nou dringend nodig. Om kwaad te wees, is slegs een kan van die munt, die keersy is om

skouer aan die wiel te sit en ’n verskil te maak sodat jou woede jou nie apaties maak nie, maar eerder betrokke. Die aanhoor van woede wat op jou gerig is, is ’n pynlike saak. Tog is dit dikwels ook ’n ideale geleentheid om hand in eie boesem te steek. Dit verg egter moed. Die moed waaroor dit hier gaan is redelik omvattend, maar op ’n heel basiese vlak beteken dit om moed te hou ten spyte van uitdagings en ook en belangrik, om waagmoed te hê om iets te doen wat jou eintlik bang maak. Dit is verwant aan Gandhi se bekende uitspraak, te wete om self die verandering te word waarop jy hoop. Terwyl ek hier skryf doem die karakter Daantjie in P.G. du Plessis se *Fees van die ongenooides* onwillekeurig by my op. Daantjie wat as ou man lank na afloop van die Suid-Afrikaanse Oorlog kiertsregop en vroom in die ouderlingsbank sit, maar met sy diep geheime. Onder meer is daar die donker geheim dat hy ’n grootprater vol bravade was, maar telkens wanneer hy in die loopgraaf beland het, sy moed hom begeef het. Ek dink die karakter Daantjie boesem vrees by die meeste lesers van daardie roman in, want P.G. laat Daantjie voor jou kom staan met die aanmaning, ‘ou grootbek, moet my nie oordeel alvorens jy nie self al in die loopgraaf gelê het nie, want dit is daar waar jy uitvind wie jy is.’ ’n Seisoen van Woede was en bly steeds belangrik in ons land. Suid-Afrikaners moet geluk gewens word vir die kreatiewe en sinvolle wyses waarop hulle hul woede tot uitdrukking gebring het en hopelik kan ons daarop voortbou wanneer die situasie daarvoor vra. Woede maak energie los en help om verandering teweeg te bring. Moeder Hoop het egter twee pragtige Dogters. Ons lê nie in ’n loopgraaf soos Daantjie nie, want dit is nie oorlogtyd nie. Ons staan egter wel voor die uitdaging om onsself af te vra of ek net gaan kwaad bly en of ek ook gaan vra wat my bydrae in ’n Seisoen van Moed kan wees.

Cas Wepener
Hoof van die Departement Praktiese Teologie
Universiteit van Pretoria